# 1
# Groen lawa



Wat maak jy as jy niks maak nie? Jy gaan kuier by ouma Mollie, natuurlik.

Eintlik **MOET** Nina Nagtegaal vandag iets doen. Sy is net nie **LUS** om dit te doen nie. Dis daardie aaklige ding: **HUISWERK**.

Huiswerk laat haar maag bollemakiesie slaan.

Maar dis altyd lekker by ouma Mollie. Daarom sal die huiswerk dalk ook lekkerder wees … as sy dit daar gaan doen.

Dis hoekom Nina op haar fiets soontoe **ZIRTS.** Dis 'n mooi middag op Seeperdjiebaai.

Sy sou eerder wou gaan swem. Maar ouma Mollie is mos laas amper deur 'n groot haai opgevreet. Daarom bly hulle 'n ruk van die branders af weg.

Nina ry straataf, dan om 'n draai. En om nog een – tot by ouma Mollie se huis. Niemand kan die vreemde plek miskyk nie: Dit het blou mure. 'n Vet walvis is teen een van hulle geverf. Bo-op die dak is 'n ou roeiboot. En op die roeiboot sit altyd twee of drie seemeeue.

By die huis wip Nina van haar fiets af. Sy draf met die trappies op, verby die rooi rusbank met sy lappieskombers. Verby die feetjieliggies en vetplante.

Die voordeur staan oop. **Dis vreemd.**

Nina knyp haar skoolboeke onder haar arm vas. Versigtig stap sy die huis binne.

"**KONSTERNA-A-ASIE!**" roep ouma Mollie.

Dit is 'n groot woord wat Nina by haar ouma geleer het. **Konsternasie: 'n malle klomp moeilikheid.**


BAK

Nina wonder watse moeilikheid dit vandag is.

'n Pot se deksel klap. Nog een kletter op die vloer. Dit klink vir Nina of ouma Mollie in die kombuis is.

Nina loer om die deur. Jip, daar is sy. Ouma Mollie dans voor die stoof. Of dalk trap sy miere dood. Nina is nie seker nie. Haar grys hare wip soos sy rondspring. Sweet tap haar af. KORT-KORT los ouma Mollie 'n gilletjie. Dan swaai sy 'n taai houtlepel oor haar skouer. Iets trek deur die lug. Dit spat oor die kombuiskas en drup op die teëls.

"BLAPSIE!" roep ouma Mollie hard. "Moenie die fudge van die vloer af eet nie!"

Die basterbrak wou nou net mik vir 'n vet spatsel fudge op die blokkiesvloer. Ouma Mollie skuif hom met haar voet weg. Blapsie wikkel egter om Ouma se voet. Sy stert torpedo so WOER-WOER-WOER! Dan lek hy aan die fudge.

"Hond se sopbeen! Dis warm." tjank hy meteens. Net Nina verstaan die pratende hond.

Sy oë rol om. Sy tong hang uit. Hy hol na sy waterbak. Duik sommer kop eerste binne-in. Water plas die hele vloer vol.

"Ai, Blapsie!" sug Nina. Sy sit haar boeke op die kombuistafel. Te laat sien sy daar is ook 'n kol fudge. Dit klou taai aan haar wiskundeboek. **Ag nee, wat gaan juffrou Azim sê!** Almal weet sy is die kwaaiste juffrou in Laerskool Seeperdjiebaai.

Nou eers sien ouma Mollie haar kleindogter. **"NINA-A-A!"** roep sy. Sy druk die klewerige houtlepel agter haar oor in. En gooi haar hande oop om vir Nina 'n drukkie te gee.

Nina wil nog keer. Sy sien die taai houtlepel nader kom. Te laat. Dit klap teen die kant van Nina se kop. Skuif oor na haar oog. Plak aan haar wenkbrou vas. Daar hang dit vir presies drie sekondes voordat dit loskom. **PLOP!** val dit voor Nina se voete op die vloer.

Presies drie wenkbrou-haartjies bly in die fudge op die lepel agter. Maar daar is ook iets anders in die fudge.